higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N740**(A)**(J14)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4

(4010164)

14 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en ’n antwoordboek van 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE REKENINGKUNDE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Jy mag NIE ’n pen met rooi of groen ink GEBRUIK NIE.
5. Werk netjies.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Die volgende proefbalans verskyn in SIYABONGA NKULU se boeke op 30 Julie 2017.

VERLANG

1.1 Voltooi die handelsrekening en wins-en-verlies-rekening in Siyabonga Nkulu se algemene grootboek vir die jaar geëindig 30 Julie 2017.

1.2 Stel die balansstaat vir die jaar geëindig 30 Julie 2017 op.

1.3 Toon die aantekeninge by die balansstaat.

SIYABONGA NKULU SE PROEFBALANS OP 30 JULIE 2017

BALANSSTAATAFDELING	**DEBITEER**	**KREDITEER**
Kapitaal		201 000
Onttrekkings	35 900	
Grond en geboue	156 900	
Toerusting	168 000	
Voertuie	123 560	
Handelsvoorraad (1 Augustus 2016)	15 100	
Debiteurekontrole	11 000	
Bank		49 000
Kleinkas	1 300	
Los kontant	700	
Krediteurekontrole		48 000
Lening: ABSA Bank (22%)		65 000
NOMINALEREKENINGE-AFDELING		440 000
Verkope		
Aankope	353 100	
Vervoerkoste vir aankope	9 900	
Vervoerkoste vir verkope	7 925	
Huurgeld ontvang		90 000
Salarisse	70 820	
Invoerbelasting	3 000	
Rente ontvang		55 000
Kommissie betaal	9 355	
Diverse uitgawes	7 500	
Vermaaklikheidskoste	8 000	
Korting ontvang		35 000
Belasting en heffings	940	
	983 000	**983 000**

BYKOMENDE INLIGTING

Die handelsware is ná ’n fisiese voorraadopname op 30 Julie 2017 op R82 500 gewaardeer

[54]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die loonkoeverte vir die week geëindig 28 Oktober 2017 vir SESSO-werknemers, V. Jerad en P. Cassia, aan die hand van die volgende inligting.

LET
WEL: Rond al jou berekeninge af tot die naaste rand.

INLIGTING

- Die normale ure is 45 uur vir ’n week wat uit 6 dae bestaan, van Maandag tot Vrydag, 8 uur per week, en op Saterdae, 5 uur lank.
- V. Jerad het die volgende ure gewerk: Maandag 5 uur, Dinsdag 7 uur, Woensdag 6 uur, Donderdag 11 uur en Vrydag 4 uur. (Daar word R12 per uur vir normale tyd en R18 per uur vir oortyd betaal.)
- P. Cassia het die volgende ure gewerk: Maandag 8 uur, Dinsdag 9 uur, Woensdag 10 uur, Donderdag 9 uur en Vrydag 9 uur. Sy reël met Sesso, die eienaar, om 5 uur van haar oortyd vir Saterdag te gebruik. (Daar word R14 per uur vir normale tyd en R21 per uur vir oortyd betaal.)
- AFTREKKINGS

WERK-NEMER	AFHANK-LIKES	MEDIESE-HULPFONDS	PENSIOEN-FONDS	LBS	WVF
V. Jerad P. Cassia	1 2	R150 vir die lid en R50 vir elke afhanklike	7% van die normale loon	25% van die bruto loon nadat pensioen in berekening gebring is	1% van die normale loon

AFKORTINGS

LBS – inkomstebelasting

WVF – Werkloosheidsversekeringsfonds

[24]

VRAAG 3

Die transaksies wat hier onder uiteengesit word, verskyn in BRAND NEW SHOES AND CLOTHING se boeke gedurende Junie 2017.

VERLANG

1. Sleutel die transaksies in die kontantontvangstejoernaal, kontantbetalingsjoernaal en kleinkasjoernaal in. Sluit slegs die kleinkasjoernaal aan die einde van die maand af.
2. Stel die kleinkasrekening in BRAND NEW SHOES AND CLOTHING se algemene grootboek op en balanseer die rekening.

BYKOMENDE INLIGTING

- Die eienaar, Jovanille, stel op 1 JUNIE 2017 ’n kleinkas-kassiere aan om die kleinkasbetalings te hanteer. Daar is besluit om volgens die voorskotstelsel te werk.
- Geld word op 8, 12, 24 en 20 Junie 2017 gedeponeer.

TRANSAKSIES

JUNIE 2017

1. Onttrek R2 300, tjek nr. 111, as voorskot vir die kleinkas-kassiere.

3. Die totale kontantverkope volgens die kasregisterrol is R83 000.

4. Koop seëls by die poskantoor, R110. Kleinkasbewys 001 word uitgereik.

5. Ontvang R8 000 van Victoria vir huur van ’n deel van die gebou, kwitansie nr. 201.

6. Koop leerbaadjies by Pure Leather en betaal R90 000 per tjek nr. 112.

7. Onttrek R700 per tjek nr. 113. Dit word as los kontant gebruik.

8. Die totale kontantverkope volgens die kasregisterrol is R70 500.

10. Koop kerse vir R120 en betaal R95 daarvoor. Kleinkasbewys 002 word uitgereik.

11. Ontvang ’n tjek van R100 000 van die eienaar, Jovanille, om haar kapitaal te verhoog, kwitansie nr. 202.

12. Die totale kontantverkope volgens die kasregisterrol is R83 000. Tjek nr. 114 word aan Green Cross uitgemaak as gedeeltelike betaling van sy rekening, R50 800.

13. Tjeknr. 115 word vir lone uitgereik, R73 000.

Kopiereg voorbehou

15. Koop sneespapier vir ontvangs, R150. Kleinkasbewys 003 word uitgereik. Die kleinkas-kassiere ontvang tjek nr. 116 van die hoofkassiere, R1 370.

16. Reik tjek nr. 117 as salaris aan Munich, ’n verkoopspersoon, uit, R43 000.

18. Die totale kontantverkope volgens die kasregisterrol is R27 000.

19. Ontvang ’n tjek van R6 600 van Yul ter vereffening van sy rekening, kwitansie nr. 203.

20. Skenk R96 000 aan Katgi-weeshuis, tjek nr. 118.

21. Betaal die eienaar se elektrisiteitsrekening, R8 750. Kleinkasbewys 004 word uitgereik.

22. Die totale kontantverkope volgens die kasregisterrol is R58 900.

23. Betaal Trade Centre vir voorraad aangekoop, tjek nr. 119, R1 500.

24. Betaal Telkom, R31 600, tjek nr. 120. Die totale kontantverkope volgens die kasregisterrol is R80 700.

25. Koop damesandale vir R69 800 by Kay and Stay Plaza, tjek nr. 120.

26. Ontvang R23 500 van ABSA Bank vir rente op vaste deposito. Kwitansie nr. 204 word uitgereik.

27. Reik tjek nr. 122 aan Incredible Connection vir ’n nuwe skootrekenaar uit, R46 000.

28. Koop penne en potlode vir R100. Kleinkasbewys 005 word uitgereik.

29. Ontvang R6 000 van Cecina as kommissie op produkte verkoop. Kwitansie nr. 204 word uitgereik.

30. Betaal Eskom R12 900, tjek nr. 123.

30. Die totale kontantverkope volgens die kasregisterrol is R31 900.

30. Trek tjek nr. 124 om die voorskotbedrag van die kleinkas te herstel.

[87]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende aan die hand van die inligting wat uit TRUSCOTT BAKERY se boeke verkry is:

4.1 Maak die hulpinskrywings in Truscott Bakery se kontantontvangstejoernaal en kontantbetalingsjoernaal op 30 Junie 2017. Sluit slegs die bankkolomtotale in albei joernale op 30 Junie 2017 af.

4.2 Stel die bankrekening in Truscott Bakery se algemene grootboek op 30 Junie 2017 op en balanseer dit behoorlik.

4.3 Stel Truscott Bakery se bankrekonsiliasiestaat op 30 Junie 2017 op.

1. Totale van die kontantjoernale soos op 30 Junie 2017:

Kontantontvangstejoernaal	R46 720
Kontantbetalingsjoernaal	R22 900

2. ’n Vergelyking van die bankstaat met die kasboek op 30 Junie 2017 openbaar die volgende verskille:

2.1
- Die bankstaat vanaf Capitec Bank toon ’n kredietsaldo van R12 450.
- Die bankrekening het ’n debietsaldo van R1 880.

2.2 Die volgende tjeks is nog nie vir betaling aan die bank aangebied nie:

Nr. 56	R12 000
No. 63	R14 100
No. 70	R10 300

2.3 Tjek nr. 970, ter waarde van R2 950, wat op 1 Januarie 2017 aan die krediteur, Filton Dealers, uitgereik is, het verouderd geword. ’n Nuwe tjek word op 3 Julie 2017 oorgeboek.

2.4 ’n Tjek ter waarde van R31 000, wat Turcoman Traders, nog ’n kliënt van die bank, uitgereik het, verskyn op die onderneming se bankstaat.

2.5 Capitec Bank debiteer Truscott Bakery se lopende rekening met die volgende bedrae:

Koste van ’n tjekboek	R800
Diensgelde	R470
Belastingheffings	R2 240
Rente op oortrokke rekening	R3 600

Kopiereg voorbehou

2.6 ’n Kredietinskrywing van R16 700 is vir ’n deposito wat Truscott Bakery direk in sy rekening gemaak het, maar dit kom op die onderneming se bankstaat voor.

2.7 ’n Debietorder van R8 700 ten gunste van kliënte word as betaling van die onderneming se maandelikse versekering op die bankstaat getoon.

2.8 Die bank het nog nie ’n deposito van R38 000 gekrediteer wat op 30 September 2017 gemaak is nie.

2.9 Daar word 'n maandelikse stoporder van R23 000 ten gunste van Samba op die bankstaat getoon. Dit is om die rekening van die eienaar se vrou te betaal.

2.10 ’n Oorsig van die bankstaat vir Junie 2017 toon dat ’n deposito van R5 500 deur ’n ander kliënt van die bank gemaak is.

2.11 ’n Tjek vir R3 300, wat gedurende Junie 2017 as betaling van kontantaankope uitgereik is, is as R330 in die kontantbetalingsjoernaal geboekstaaf.

Hierdie fout moet reggestel word.

2.12 Katella deponeer R11 200 direk in die onderneming se lopende rekening as betaling van sy huurgeld en R8 710 as betaling van sy rekening.

2.13 ’n Tjek van R31 745 wat van ’n debiteur, Victor, ontvang is, word gedishonoreer omdat daar onvoldoende fondse is.

[35]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou